3 MEI 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | NIE ALLEEN NIE | JOH. 14:1-14



**SABBATH BLESSING:**

**MAY THIS DAY BRING SABBATH REST TO MY HEART AND MY HOME. MAY GOD'S IMAGE IN ME BE RESTORED, AND MY IMAGINATION IN GOD BE RE-STORIED. MAY THE GRAVITY OF MATERIAL THINGS BE LIGHTENED, AND THE RELATIVITY OF TIME SLOW DOWN. MAY I KNOW GRACE TO EMBRACE MY OWN FINITE SMALLNESS IN THE ARMS OF GOD'S INFINITE GREATNESS. MAY GOD'S WORD FEED ME AND HIS SPIRIT LEAD ME INTO THE WEEK AND INTO THE LIFE TO COME.**

**AMEN.**

# ANNA-MARIE VERJAAR

Ons skriba, Anna-Marie, verjaar Saterdag 2 Mei! Baie geluk Anna-Marie, mag dit 'n dag vol bederf wees waar jy ervaar en weet hoe kosbaar jy is vir die mense om jou! ons waardeer jou! Mag die nuwe lewensjaar jou verras met die mooi en die goeie. Mag jy weet die Here is altyd by jou.
Veels geluk!!!



**What you need for a Jar of Hope:**

A large jar or container

1 cup rice

1 cup soup mix

1 cup lentils or peas

1 unwrapped stock cube

1 packet of soup powder (optional)

Spices (optional)

# WINTER HOOP

Die winter is hier. en daarmee saam mense wat koud is en honger is. Ons wil graag items in die kantoor hou om uit te kan deel soos dit benodig word. Ons vra asb vir warm komberse, mussies, handskoene en klere.
Ons wil ook "Jars of hope" uitdeel en ons benodig:

- glashouers, rys, sop mengsel, lensies, aftrekselblokkies, pakkies sop poeier.

Jy kan ook self sulke houers vir ons vol maak en by die kerkantoor afgee om uit te deel. Ons waardeer elkeen se bydare!

# WYNVEILING

Ons jaarlikse wynveiling is om die draai en ons wil jou graag herinner en aanmoedig om jou kaartjie te koop en vriende en familie ook te nooi! **Wicus van der Merwe** is weer die afslaer en daar is 'n lekker wynproe van Leeuwenkuil.

**Vrydag, 8 Mei 2026**
**18:00**
**R120 per kaartjie**
**Bring eie eetgoed**


Kaartjies beskikbaar by www.tkmarkietie.co.za of by Anna-Marie in die kerkkantoor.



# GR TERUGVOER

Die GR het hierdie week weer vergader. Ons is dankbaar vir die bedieninge in die gemeente en dat dit vrug dra. Die Kloof straat Pastorie se instandhouding is afgehandel en ons gee tans aandag aan die Kerkhof. Ons is dankbaar vir die dankoffers wat in Maart hoër was as wat ons begroot het. Dit gaan goed met die Toringkerk span en ons is bevoorreg om bekwame mense in ons span te hê. Ons is dankbaar vir lidmate wat diensbaar is in die Koninkryk. Dit gaan goed met ons gemeente.






# FINANSIES TERUGVOER

Ons daag lidmate uit om te gaan kyk na hulle maandelikse offergawes en te onderskei of dit 'n goeie refleksie is van jou rentmeesterskap. Dankie vir elkeen wat op hierdie manier bydra tot die uitbou van God se Koninkryk.

| *BEREKEN OP 1454 LIDMATE* | **2026** | **Per huisgesin per jaar** | **Per maand** | **Per week** |
|---|---|---|---|---|
| Tiendes | | R 147 | R 21 | R 5 |
| Kollektes | | R 525 | R 75 | R 19 |
| Dankoffers | | R 1 316 | R 188 | R 47 |
| **Totale Bydraes** | | **R 1 987** | **R 166** | **R 41** |

# HEMELVAART

Hemelvaart dui die begin van Pinkster aan. Daar is menigde redes waarom Christene die Hemelvaart van Jesus vier. Die getuienis van Jesus se Hemelvaart en die bekendstelling van die Heilige Gees maak mense bewus dat die kerk moet voortgaan met die bediening wat Jesus begin het. Deur die Heilige Gees, is Jesus selfs ná sy dood en opstanding teenwoordig in sy dissipels – tóé sowel as nou. Die Heilige Gees maak ons gestuurdes om God se Woord aan die wêreld te bring. Hemelvaart herinner ons ook aan die oproep om ander ten volle te aanvaar, en saam met hulle te werk in 'n gedeelde doelwit. Dit laat 'n mens wonder oor hoe ons ons Geesvervuldheid uitleef. Tree ons op soos Jesus van ons verwag en volhard ons in die werk wat Hy op aarde begin het? Is ons dade van waarde vir die mense in ons gemeenskappe? Dit is 'n tyd van introspeksie, om te besef wat werklik belangrik is in die lewe.

**Donderdag, 14 Mei 2026**
**18:30**
**in die Toringkerk**



# THE CHOSEN

Ons gaan **nie hierdie Sondag of bymekaar kom om *The Chosen* te kyk nie** agv die lang nawewk. Ons hervat weer Sondag, 10 Mei. *The Chosen* gee ons die geleentheid om die Evangelie op 'n vars manier te sien en Jesus se liefde, lewe en lyding te herontdek.

**Sondae 17:30-19:30 in die kerk.**

***Enige navrae of vir meer inligting kontak vir Marissa (0834130119), Jozef (0823015063) of Jana.***





# MSINGA UITREIK/INREIK

Ons gemeente is al vir baie jaar deel van die bediening, ondersteuning en samewerking met gemeentes in Msinga (Kwazulu Natal). Ons het ook jaarliks daar gaan besoek doen vir verhoudingbou en ondersteuning. Ons wil weer hierdie jaarlikse besoeke op die been bring. Dit was in die verlede 'n uitreik genoem maar ons besef daar is baie meer wat met òns gebeur wanneer ons so gaan kuier, ondersteun en bedien, en daarom is dit ook 'n inreik.

***As jy belangstel om saam te gaan of betrokke te raak by hierdie uitreik/inreik, kontak asb vir Peet.***

# PINKSTER 2026

Ons tema vir hierdie jaar se Pinkster is "Ruimtes - waar God ons ontmoet". Ons begin altyd die Sondag in die oggenddiens en dan is dit Maandagaand, Dinsdagaand en Woensdagaand van 18:00 af waar ons lekker saam kuier rondom sop en brood en ons is so teen 19:30 klaar.

**Sondag 17 Mei, 09:30**
**18-20 Mei 2026, 18:00**
**Sondag 24 Mei, 09:30**

***Ons het mense nodig om sop te maak vir die 3 aande. Kontak asb die kerkkantoor of leraars as jy kans sien om 'n pot te maak vir een of meer van die aande.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



2 APR **WIT DONDERDAG**
TORINGKERK| 18:30



3 APR **GOEIE VRYDAG**
AGTER-PAARL | 09:00



5 APR **OPSTANDINGSONDAG**
TORINGKERK | 09:30



12 APR **THE CHOSEN BEGIN**
TORINGKERK | 17:30-19:30



8 MEI **WYNVEILING**
TORINGKERK SAAL| 18:00



14 MEI **HEMELVAART`**
TORINGKERK | 18:30

# MARKIETIE 2026
# TOMBOLA

## ONS SOEK JOU!



### ONS HET JULLE ALMAL NODIG OM HIERDIE JAAR SE TOMBOLA STALLETJIE NOG GROTER EN LEKKERDER TE MAAK VIR DIE KINDERS!

**BOKSPRING OP DIE TOMBOLA WHATSAPP GROEP!**
**(TORINGKERK WHATSAPP)**
**OF KONTAK ZETHA BAARTMAN: 0727128424**

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP



# HAM

Huis Andrew Murray is die kinder- en jeug- sorgsentrum in Wellington waar Toringkerk al ‘n hele aantal jare ‘n pad met een van die dogtershuise, Huis Aristea, stap. Elke jaar het ons die voorreg om die dogters te help deur winter skoenbokse te pak om hulle te help met benodighede wat hulle nie andersins kan kry nie. Daar is tans 12 dogters in Huis Aristea.

***As jy bereid is om ‘n skoenboks aanmekaar te sit vir een van die dogters, kontak asb vir Elizmari - 0849987865.***







# MARKIETIE 2026

Markietie is Toringkerk se jaarlikse basaar. Dis gewoonlik die eerste naweek van September en hierdie jaar val die datum op **4-5 September**. Ons begin al die **Vrydagoggend** waar die skole na aan ons in klasse ‘n draai kom maak en dis altyd ‘n feestelikheid waaroor ons baie dankbaar is. Die **Vrydagaand** is daar musiek en word daar lekker gekuier rondom tafels en heerlike kosse. en die **Saterdagoggend** het ‘n bietjie meer van ‘n plaasmark of basaar gevoel met vars groente, ontbyt, tee-tuin, gebak, pannekoek, poeding, tombola en nog soveel meer.

***As jy belangstel om betrokke te raak, kontak asb vir een van die leraars of kerkkantoor. Ons vra nou al dat jy kyk of jy nie ook iewers oor daardie naweek kan help om ‘n stalletjie te beman vir ‘n paar uur nie - ons het al die hande nodig wat ons kan kry. Saam werk ons en leer ons ons geloofsfamilie beter ken.***

# TOMBOLA

Die Tombola-span is al hard aan die werk vir hierdie jaar se Markietie maar kort jou hulp!

As jy lus het om betrokke te raak, gaan op Toringkerk se whatsapp gemeenskap en sluit aan by die Tombola-groep. Alternatiewelik kan jy direk vit Zetha kontak - 072 712 8424.

Daar is ‘n verskeidenheid maniere om betrokke te wees by Tombola maar ook by die groter Markietie. Ons kort jou hulp so steek asb jou hand op!

## TOMBOLA

**TOMBOLA!?!? WAT IS DIT?!?!**

Dit is die lekkerste stalletjie op Markietie!!!! Dit kos R10 om te speel. Jy trek ń nommer uit die Tombola sak en jy wen ALTYD ń prys!

**VIR Ń GROTER EN LEKKERDER TOMBOLA HIERDIE JAAR, BENODIG ONS DIE VOLGENDE:**

1. Tweedehandse speelgoed soos “soft toys”, bordspeletjies, poppe, karretjies, “skateboards”, balle... alles nog in ń goeie toestand en skoon gewas.
2. Nuwe speelgoed, balle, speelkaarte, karretjies, skryfbehoeftes...skenkings, enige iets wat ń kind se hart sal bly maak.
3. Ons pak ook “Lucky packets” van Augustus maand af. Ons gee die bruinsakkies en julle vul en versier dit ! Hou die afkondigings dop vir meer inligting hieroor.
4. Brei, Hekel of stik jy? Help dan brei, hekel en stik aan handgemaakte speelgoed. (ons is alreeds fluks aan die speelgoed maak.)

**Word deel van die Tombola span!**

Kontak Zetha Baartman: 0727128424

Of bokspring op die Tombola groep (TK Whatsapp)








# BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

3 Mei Willie Agenbag
3 Mei Philip Badenhorst
3 Mei Raché du Plessis
4 Mei Karien Fourie
4 Mei Lézanne Kroff
4 Mei Valerie Wiese
5 Mei Altus Basson
5 Mei Johan De Kock
5 Mei Susan Smit
5 Mei Werner Struwig
5 Mei Rick Venter
6 Mei Marlie Barkhuysen
6 Mei Maretha Groenewald
6 Mei Marie Sandenbergh
7 Mei Elmari Kotze
7 Mei Ivan Makkink
7 Mei Danél Mans
7 Mei Sion Maree
7 Mei Werner Pieters
7 Mei Zuléka Smit
7 Mei Brendan Tighy
8 Mei Isabelle Hugo
8 Mei Luke Jacobs
8 Mei Ina Troost
9 Mei Xander Brink
9 Mei Jurie Hayes
9 Mei Johannes Pretorius
9 Mei Jaco Terblanche

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Geen Kinderkleingroepe hierdie Sondag nie agv langnaweek.

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

Geen KruisConnect hierdie Sondag nie agv langnaweek.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 03 Mei**
Joh. 14:1-3

**MAANDAG, 04 Mei**
Jes. 46:3-5,9

**DINSDAG , 05 Mei**
Ef. 1:1-10

**WOENSDAG, 06 Mei**
1 Kor. 3:9-17

**DONDERDAG, 07 Mei**
Jer. 9:22-23

**VRYDAG, 08 Mei**
Kol.1:15-20

**SATERDAG, 09 Mei**
1Tim. 4:12-16

**SONDAG, 10 Mei**
Joh. 14:18-21

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE: MBEKWENI

Ons is al baie jare betrokke by ons geloofsfamilie in Mbekweni. VGK Mbekweni is 'n Xhosa en Engels sprekende gemeente wat hard werk om die Here in hulle gemeenskap te dien. Ons ondersteun hulle finansieël en deur dieper verhoudings te bou met die mense daar.

# KALENDERBORG: APRIL

CATHMAR
TV & RADIO

9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za

Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP